



God se wil

Daar is 'n tegniese term wat wyd gebruik word. Aan die een kant troos mense mekaar in moeilike omstandighede met die woorde, "dit was God se wil". Baie mense vind berusting in dieselfde woorde. "God se wil" word gekoppel aan die lotgevalle van individue, gesinne en selfs volke. In die Muslim gemeenskap is "God se wil" die dryfveer wat mense chaos laat skep in plekke soos Parys (Frankryk se 9/11 en New York (9/11)). Aan die ander kant regverdig mense dus hulle aksies deur te verwys na dié begrip. "God se wil" is die salf wat aan wonde gesmeer word, die regverdiging vir ons aksies, die sin-gewing wat ons vir onself voorhou, die raaisel van die toekoms. Mense soek selfs "God se wil" in die plaas wat hulle wil koop of verkoop, die reis wat hulle wil onderneem. **Wat is**

God se wil?

Hierdie uitgawe van Die Skietlood wil die eerste stappe na 'n antwoord neem deur die Griekse woorde *Θελω* en *θηλημα* te ondersoek.¹ God se wil word baie in die konteks van die mens as morele wese gebruik. Daar is twee basiese denkruintes waarbinne die konsep verstaan kan word, naamlik die skepping en die saligheid (mens as morele wese). Die basiese betekenis van die Griekse terme was onder andere die volgende:

1. Soms is dit gebruik in 'n betekenisveld waar dit gegaan het oor toegeneentheid. Dan het die term gedui op gedagtes soos "om reg te wees" of "om geneig te wees". Hierdie bereidheid kon gedui het op ooreenkoms tussen partye of op dwang en het nie

noodwendig net innerlike geneigdheid aangedui nie. Dit kon ook beteken "hou van" of "aanvaarbaar" in die betekenisveld van plesier vind in iets. In hierdie konteks was "hou van" sonder groot klem op die aktiwiteit self, of die begeerte om iets te doen. Dit kan daarom vertaal word met voorkeur of smaak.

2. Die woord *Θελω* kon verwys na begeerte. Dit kon 'n sterk begeerte aandui om iets te kry, te laat gebeur of te doen. Jesus het 'n sterk begeerte wat verband hou met God se oordeel soos blyk uit Lukas 12:49 wat in die nuwe direkte vertaling vertaal word met "*hoe wens ek dit was al aan die brand*". Die term dui op 'n sterk begeerte.

3. Die woord *Θελω* kon dui op intensie of selfs "op die punt staan". Dit kon gebruik word om te dui op doelgerigtheid, mik, of "inspan vir".

4. 'n Volgende betekenisveld van *Θελω* was die van "besluit, kies en vasberade wees". Ook "ver kies" soos vertaal in die nuwe direkte vertaling met "*ek verkies om vir hierdie laaste een dieselfde te gee as vir jou*" (Matteus 20:14).

5. *Θελω* en *θηλημα* kon ook vertaal word om te dui op sterk wil. God se wil dui dan op God se doel en God se regering. In die Septuaginta is *Θελω* gebruik om die Hebreeus te vertaal daar waar die teks dui op God se soewereine heerskappy - in die skepping en menslike geskiedenis.

Die Nuwe Testament en die Ou Testament se betekenisvelde verskil nie veel van mekaar nie. God se wil (*θειν*)

word gekenmerk deur absolute duidelikheid, soewereiniteit, selfversekerdheid en doeltreffendheid. Die konteks is met ander woorde die skepping of die geskiedenis. Die tweede konteks is vir ons van groot belang. God se wil (*θελειν*) word altyd gebruik in die vrymag van God se uitdeel van redding, sy soewereine genade (Matteus 18:14). Hierdie wil van God word positief uitgespreek in terme van genade en negatief in terme van verharding van hart. God se wil kan ook verstaan word as 'n verwagting ten opsigte van wat die regverdige moet doen (Matteus 7:21, 12:50). Dit sou dwaling wees om te wil dink in terme van 'n dubbele wil van God ten opsigte van die saligheid van die mens. God se wil is dat mense gered word. Hulle wat nie tot geloof kom, verdien hulle loon (die dood). In die meeste van die tekste waar ons lees van God se wil, het dit te make met die skepping of die saligheid.

Jesus en *θελειν*.

Wat hier van belang is, is om raak te sien dat beide die onvergelykbare wil van God en die swakke menslike wil ter sprake is by Jesus (ware mens en ware God). Aan die een kant is Sy wil God se wil en kan Hy mense gesond maak (Matteus 8:2,3 ... *en daar het 'n melaatse man gekom en voor Hom neergeval en gesê: Here, as U wil, kan U my reinig. Daarop steek Jesus die hand uit en raak hom aan en sê: Ek wil; word gereinig! En dadelik is hy van sy melaatsheid gereinig*). Jesus se wil kom na vore in sy roeping van sy dissipels, sy genade aan sondaars, die genesende genade vir siekes en ook in die opwekking van Lasarus. Ons kan veral in die Johannes Evangelie lees van die almagtige wil van die Seun. Hierdie wil is

altyd in harmonie met die wil van die Vader.

Aan die ander kant is daar sy swakke menslike wil wat nie altyd seëvier nie (Markus 7:24 *En Hy het opgestaan en daarvandaan na die gebied van Tirus en Sidon vertrek. En toe Hy in die huis gegaan het, wou Hy nie dat iemand dit sou weet nie; maar Hy kon nie verborge bly nie*). Dit is in die tuin van Getsemane waar die konflik tussen die twee op die spits gedryf word.

Jesus is adamant dat God se wil moet gedy. Hier is die een plek waar die dood van 'n mens die wil van God is, juis omdat die loon van die sonde die dood is. Jesus moet sterf vir God se wil om te seëvier. Net met Jesus se dood is die prys betaal. Net met Jesus se opstanding is die oorwinning oor die dood behaal. Net in Jesus se gehoorsaamheid aan God se wil, kan die versoening met God bewerkstellig word en ons die saligheid ontvang. Dit is arrogant om nou ons daaglikse nood en behoeftes in die konteks van ons eie wil teen God se wil af te wil speel.

Dieselfde is waar daar waar die woord *Θελημα* gebruik word om God se wil aan te dui. God se wil neig in die rigting van verlossing.

Die woord *Θελημα* word in die Grieks van die Nuwe Testament amper altyd net in die enkelvoud gebruik om daardeur ook die magtige eenheid van God se optrede aan te dui en daarmee saam is dit aanduiding van eenheid in wil en optrede van die Triniteit.

Dit is God se wil en Jesus is die eerste een wat die wil van God doen. Hy doen die wil deur redding te bewerkstellig en deur gehoorsaam te wees, met ander woorde hy voldoen op alle vlakke aan

God se wil. Jesus het totaal in die wil van God geanker gelewe. Hierdie gehoorsaamheid aan God se wil, dui op 'n eie vrye keuse aan die kant van die Seun. God se wil eis aksie en dit is wat Jesus kom doen het.

God se wil het as einddoel die saligheid van Sy uitverkorenes aan die einde van tyd. Dit sluit alles wat tussenin gebeur, in.

Ons kan stel dat God se wil die basis en doel is van redding/ saligheid. God het die skepping gewil en wil aan ons die saligheid skenk.

Op 'n ander vlak van betekenis verwys God se wil na 'n eis. Sy wil is normatief in die hemel en moet dit ook hier op aarde so weesⁱⁱ. Dit is waarom ons bid dat God se wil moet geskied op aarde net soos in die hemel. Hierdie bede het met die Evangelie te doen, nie die alledaagse van menslike willekeur en keuse nie. God se betrokkenheid by ons aardse nood kom na vore in die bede om daaglikse brood.

Teen hierdie agtergrond moet gedui word op die 1983 interpretasie vertaling van Matteus 10:29. Die oorspronklike teks, sowel as die 1933/1953 en die nuwe direkte vertaling verwys na swaeltjies wat nie sonder die Vader op die grond val nie. Die 1983-vertaling voeg die konsep van "sonder die wil" by. Die teks verwys nie na God se wil nie. Die 1983-vertaling dui op wil, die teks dui op God se betrokkenheid by die skepping. Die boodskap is nader aan "Moenie bang wees nie, God is intens, intiem betrokke by die mens". Hierdie betekenis gryp terug op Psalm 139 – "waar ontvlug ons van die Here?"

Daar is natuurlik tekste wat skimp in 'n ander rigting. Hierdie tekste saam het tog

met menslike lyding in die geskiedenis te make en moet verdiskonteer word.

Handelinge 21:14 Toe hy dan nie oor te haal was nie, was ons tevrede en het gesê: Laat die wil van die Here geskied!

1Petrus 3:17 Want dit is beter, as die wil van God dit eis, dat julle ly wanneer julle goed doen as wanneer julle kwaad doen.

1Petrus 4:19 So laat dan ook die wat volgens die wil van God ly, hulle siele aan Hom as die getroue Skepper toevertrou met goeie dade.

Al hierdie tekste se eerste betekenis **blyk te wees** dat dit God se wil is dat mense moet ly. Dit is by nadere ondersoek wat ons raaksien dat dit telkens gaan oor mense wat getrou bly aan die Evangelie en die Boodskap verkondig. Anders gestel; Hierdie wil van God word genoem binne die konteks van God se aanbod van redding aan ons as mense.

Die Skietlood beweert: God se wil kan nie in die konteks van ons lyding as mense genoem word as oorsaak vir rampe nie. God se ALMAG en ALOM-teenwoordigheid noop nie die konklusie dat Hy ook AL-oorsaaklik (omnikousaal) is nie. God se wil kom uit in die wonderlike skepping en in ons saligheid wat in Christus verseker is.

i In die navorsing is veral gebruik gemaak van Kittel se *Theological Dictionary of the New Testament*. Predikante en ernstige navorsers word aangemoedig om hierdie en ander bronne te raadpleeg.

ii Tekskritiese nota – "laat U wil geskied" Lukas 11:2 is nie in die kodeks Vaticanus maar in baie ander tekste. Vergelyk die 1983 vertaling met die 1933/1953 teks.